Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Lees: Johannes 14

Teks: Joh.14:16,17,26

H.K.: Sondag 20 (Kandelaar – Reeks Twaalf Artikels nr 16)

Datum: 23 Augustus 2009

Psalms: Ps.33:1,2; 33:3,4; 51:4,5; 33:5,6; 89:1,5,6

1. Inleiding.

Vanaf Sondag 9 tot en met 19 kon ons stilstaan by daardie artikels van ons Apostoliese Geloofsbelydenis (of Twaalf Artikels) wat handel oor die Vader en die Seun.

In daardie Sondae doen ons met diep verwondering belydenis van ons rykdom in God die Vader en God die Seun.

Maar ons moet terdeë besef: Daardie onbeskryflike groot weelde sou vir altyd buite ons lewe gebly het as dit nie vir die Heilige Gees was nie. Die Heilige Gees is die Een wat die skatkamers van die evangelie vir ons open. Die Heilige Gees is die Een wat die rykdom wat van die Woord in ons harte indra.

In Sondag 20-22 doen ons belydenis van die Persoon en werk van die Heilige Gees.

Daarby begin ons vandag met Sondag 20 en i.v.m. hierdie Sondag let ons dan op die volgende drie hoofpunte:

1. die ***Persoon*** van die Heilige Gees (Wie en Wat Hy is);

2. die ***belofte*** van die Heilige Gees (dat Hy ook aan MY beloof is); en

2. die ***werk*** van die Heilige Gees (wat Hy doen).

2.1. Die ***Persoon*** van die Heilige Gees.

Saam met ons Heidelberger bely ons: Die Heilige Gees is saam met die Vader en die Seun **ware en ewige God**.

Deur die eeue heen was daar dwaalleraars wat hierdie waarheid bevraagteken het en geleer het dat die Heilige Gees ***nie God*** is nie. So was daar 'n sekere Arius wat gesê het: Net die Vader is God. Die Seun en die Heilige Gees daarenteen is slegs skepsele. Daarby het Arius ook nog dié verskriklike lastering gevoeg dat die Heilige Gees 'n skepsel is wat laer in rang is as die Seun.

Maar wat sê die Drie-enige God self aangaande die Heilige Gees? Dit leer die Woord ons in alle duidelikheid: die Heilige Gees is ***óók ware en ewige God***. Ek vestig u aandag net op een bewysplek naamlik Handelinge 5:3,4. Daar gaan dit oor die geskiedenis van Ananias wat gejok het oor die bedrag wat hy vir sy stuk grond gekry het. Luister dan mooi na die antwoord van Petrus aan hom:" Ananias, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die HEILIGE GEES te lieg?" En hoor wat sê die apostel verder:"Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir GOD." Hier noem Petrus die Heilige Gees uitdruklik God.

Maar *waarom is hierdie belydenis van die Godheid van die Gees so belangrik?* WANT ons HELE SALIGHEID HANG DAARVAN AF! Ek sal dit aan u probeer verduidelik:

- Ons moet onthou: Ons was ***dood***, geestelik dood deur die misdade en die sonde (Ef.2:1). So word ons geestelike toestand beskryf voordat ons gered word. En ons weet: ***Net God kan dooies lewend maak***. Daarom: As die Heilige Gees nie waarlik God was nie, sou Hy nie lewe in ons dooie harte kon blaas nie. As Hy nie waarlik God was nie, sou Hy ons nie uit die geestelike doodstoestand van die sonde kon opwek en kon bring tot lewe, lewe vir God en lewe vir ons naaste, nie.

In die Dordtse Leerreëls (3/4, 11) bely ons ook in verband met ons wedergeboorte: Die Heilige Gees maak ons ***wil, wat dood was, lewend***. En in artikel 12 word hierdie wedergeboorte, wat die Gees werk, beskryf as ‘n ***opwekking uit die dood*** en ‘n ***lewendmaking*** wat God sonder ons in ons werk.

Ons geloof en ons bekering is 'n WONDER! Dit is ’n ***GODS***-WONDER! DIT IS 'N WONDER VAN GOD DIE HEILIGE GEES! Verwonder ons ons nog daagliks in sy skeppingswonder in ons hart? En sê ons dan ook daarby: Dit kan net Iemand doen wat self ook waarlik God is?

En nou sê die Kategismus verder: as ek bely dat ek in die Heilige Gees glo, dan sê ek daarmee: Hy is ook ***aan my*** gegee.

Ook aan my! Daarmee is ons by die tweede:

2.2. die ***belofte*** van die Heilige Gees.

Hy is ook aan my gegee. Maar hoe kan ek so seker daarvan wees dat hierdie belofte, hierdie onmisbare rykdom van die Heilige Gees ook vir my bedoel is?

Ek glo dit **eerstens** op grond van ***God se altyd betroubare beloftewoord***! Immers, in Handeling 2:39 sê Petrus vir die gelowiges: die belofte kom julle toe en julle kinders. **Tweedens**: In die uur van my ***doop*** het die Here aan my belowe: "...as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, ***verseker*** die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon ...".

Op ’n keer het Jesus aan sy dissipels geleer dat ons moet bid om die Gees en daarby ook dat wie in die geloof vra om die Gees, dit ook ***sekerlik*** sal ontvang. Hy het naamlik vir sy leerlinge gesê:"Bid, en vir julle ***sal*** gegee word; soek, en julle ***sal*** vind; klop, en vir julle ***sal*** oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word (Luk11:9-10). Hoor u hoe hierdie woorde oorloop van sekerheid: Bid en dit SAL gegee word? U hoef daarom nooit daaraan te twyfel nie: As u opreg verlang na die Gees en bid om sy werksaamheid in u lewe, dan SAL die Here ook sy doopbeloftes aan u in vervulling laat gaan.

En sy werk kan ons nie mis nie. Dit bring ons by die derde:

2.3. die ***werk*** van die Heilige Gees.

Die Heidelbergse Kategismus sê met watter **DOEL** die Heilige Gees aan ons gegee word. Hy is aan my gegee "**SODAT *1.*** Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry, ***2.*** my troos en ***3.*** ewig by my bly". Hier word dus drie dinge van die Heilige Gees gesê. By elkeen daarvan wil ek met u in besonderhede stilstaan om u te laat sien hoe belangrik dit is om die Heilige Gees te hê.

1. Die Heidelbergse Kategismus sê **eerstens**: **Die Heilige Gees is die Een wat aan ons die geloof skenk**.

Reeds in Sondag 7 het ons bely: Nie alle mense word deur Christus salig nie; slegs die wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem. Geloof is dus lewensnoodsaaklik.

Maar dan moet ons ook weet: Hierdie lewensnoodsaaklike geloof kom nie uit die aarde op nie. Dit daal uit die hemel neer. Die geloof is nie 'n skeppingswerk van die mens nie.

Dit is nie iets wat ons self kan maak nie. Ewemin kan ons ander mense die geloof gee. Die geloof is 'n gawe van God (Ef.2:8).

Maar ***hoé*** gee God die geloof? Hy skenk ons die weelde van die geloof deur sy Heilige Gees. Ons moet weet hoe nodig ons die Gees het. Die Heilige Gees gee ons die geloof en deur die geloof gee hy ons deel aan Christus en sy rykdom. Daarom noem Calvyn die Heilige Gees die ***sleutel*** waardeur die skatte van die hemelse koninkryk vir ons ontsluit word. As ons die Gees nie gehad het nie, sou ons geen geloof besit het nie. Dan sou ons vir ewig buite die deur van die hemelse koninkryk bly staan het.

Maar dan moet ons ook weet **waar** ons die Heilige Gees kan vind. Dit is nie moeilik nie. Die Heilige Gees kom na ons toe in die Bybel. Die Woord is sy instrument waarmee Hy in en aan ons werk. Die Woord is die werkswinkel van die Heilige Gees. Daarom is dit so belangrik, so lewensnoodsaaklik dat ons moeite sal doen met die Skrif, want so, deur die Woordverkondiging, kom ons onder die heiligende en herskeppende invloed van die Gees. U sal dit ook in Sondag 21 so duidelik hoor: die Seun van God vergader sy kerk deur sy Woord en Gees. En in Sondag 25 bely ons: die Heilige Gees werk hierdie geloof deur die Woord en versterk dit deur die sigbare Woord, deur die doop en die nagmaal.

Die Heilige Gees, sê die Kategismus, laat my deur die geloof deel kry aan ***al die weldade van Christus***. Die Kategismus praat op verskillende plekke van die weldade van Christus: in antwoord 20 en 53 en in vraag 65. En telkens kom in verband met die weldade van Christus die geloof ter sprake. Wat is hierdie weldade? Dit is die skat van skuldvergiffenis en die verlossing van die mag van die sonde, dit is die weelde van God se Vaderskap en die rykdom van die ewige lewe, om maar net enkele dinge te noem.

Ek wil alles ook nog so stel: Die ***Gees van Pinkster*** is die een wat die wonder van die ***geboorte van Christus en Golgota en die oop graf en hemelvaart in ons harte indra***. As dit nie vir Pinksterdag, die uitstorting van die Heilige Gees, was nie, sou Kersdag en Paasfees niks vir ons beteken het nie. Dit is die Heilige Gees wat ons oë open vir die wonder van Kersfees en Pase en Hemelvaart. Hy gee ons geloof in die geboorte, lyding en oorwinning van Christus, anders sou daardie heilsfeite ver buite ons hart gebly het. ***Die heilsgebeure moet ook deur die heilswerk van die Heilige Gees in ons lewens gerealiseer word***.

- Ons bely: **Ons verlossing** van die skuld en die mag van die sonde is net die werk van Christus. Daartoe kon ons geen enkele bydrae lewer nie. Dit is **NET CHRISTUS**.

- Maar ook wanneer dit kom by die **toeëining** van die rykdom van Christus – ook daarin moet ons hulp van bo-af kom, van die Heilige Gees. Dit is **NET CHRISTUS DEUR SY HEILIGE GEES**.

➔Die verwerwing van ons verlossing **SOWEL AS** die toeëining daarvan is 'n saak van deur genade alleen, deur God alleen, aan God alleen al die eer.

2. Ons kom by die **tweede** saak wat die Kategismus opper, naamlik dat **die Gees ons troos.**

As ons wil verstaan wat ons Heidelberger met die troos-werk van die Heilige Gees bedoel – as ons wil begryp ***hoé***, ***met wát*** die Gees ons troos- , moet ons beslis nie by **VRAAG EN ANTWOORD 1** van die Kategismus verbygaan nie. Daar word kort en helder vir ons uitgespel wat ons enigste troos is: ons Here Jesus Christus het ons verlos van die skuld en die mag van die sonde; ons Here Jesus Christus bewaar ons so dat sonder die wil van die Vader geen haar van ons hoof kan val nie. ***Dít*** is die troos van die Heilige Gees: Hy troos ons met ***die weldade van Christus***.

Vraag en antwoord 1 laat ons presies sien hoe die Heilige Gees ons troos. Want nadat belydenis gedoen is van hierdie skuldbetalende, verlossende, bewarende werk van Christus, gaan die Kategismus verder deur te sê: DAAROM – daarom, (dit beteken:) op grond van (met/deur) hierdie werk van Christus - , daarom verseker Christus my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

Die Heilige Gees wys ons op die heilswerk van Christus:

- Hy leer en oortuig ons dat in die skuldbetaling van Christus die sekerheid van die ewige lewe het;

- Hy leer en oortuig ons dat in die verlossing van Christus die geheim lê van ons verlossing van die mag van die sonde, dat Christus se heilswerk die geheim van ons dankbaarheidswerk is . Ons werk het sy oorsprong en

ontstaan en voortbestaan in die werk van Christus. En aan daardie werk kry ons deel deur die werk van die Heilige Gees.

➔Die Heilige Gees troos ons ***met Christus en sy weldade***.

Hy wil ons van Christus leer en ons na Hom toe bring. Dit sê Jesus self in Joh.14:26: "Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer ***en sal julle herinner aan alles wat Ek (d.i. Jesus!) vir julle gesê het***". Dit gaan dus vir die Gees daarom om ons te herinner aan die woorde van ons Heiland. Sy leer is dit wat die Gees by die Kerk tuis wil bring. In Joh.16:13 sê Jesus verder dat die Gees ons in die hele waarheid sal lei en daardie waarheid is niks en niemand anders as ons Here Jesus nie. Hy is immers die die weg en ***die waarheid*** en die lewe. Die Heilige Gees doen dus niks liewer as om ons aandag te vestig op Christus nie!

Die Heilige Gees troos ons met die werk van Christus. Maar ons moet tog nie vergeet nie: die Heilige Gees en die werk van die Heilige Gees is ***deel van die troos van Sondag 1, Hy is deel van die weldade van Christus*.** Immers, Christus het die Heilige Gees vir ons verwerf en Christus het sy Gees op sy kerk uitgestort en dit is juis deur die Heilige Gees dat Christus ons verseker van die ewige lewe. Sonder die Heilige Gees sou die troos van die verlossing van Christus altyd buite ons lewe gebly het.

3. Die **derde** waarop die Kategismus ons wys, is dat **die Heilige Gees ewig by ons bly**. Die Heilige Gees het by ons kom woning maak.

Dit is ’n enorme troos, want op grond daarvan weet ons: Ons sal volhard in die geloof. Juis omdat Hy vir altyd by ons is en ons hart vervul met liefde vir Christus en sy Woord, juis daarom sal ons aanhou glo en leef vanuit die troos van Christus. Hier het ons die geheim van die volharding van die heiliges.

In ons doopsformulier word van die werk van die Heilige Gees gesê: dit hou aan “***totdat*** ons eindelik onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word (Romeine 8:9, 15, 16)”.

3. Slot.

Waardeer die rykdom wat u het in die besit van die Gees. Bid om Hom en soek sy werking in die Woord.

AMEN.